

HOSA/VOSA

Issue/uitgawe 31  
Sep/Okt 2013

***e-News / e-Nuus van***  
***Hiking Organisation of Southern Africa***  
***Voetslaan Organisasie van Suidelike Afrika***

**NUUSBERIGGIES/NEWS ITEMS**

**BRIEF VAN 'N BEKOMMERDE BOUER - ALBERT BOSSERT**

“Ek voel dit noodsaaklik om in kort my gevoelens weer te gee oor staproetes, in die besonder die volgende. Ek het die afgelope 10 jaar staproetes gebou, met passie, met oortuiging en ywer, met baie energie, met die visie om dit vir almal – jonk, oud, kinders, families – moontlik te maak om in die natuur te kom, en dit op plekke waar jy nie met 'n helikopter, 4x4 of bergfiets kan kom nie. By plekke soos aan die punt van 'n waterval, onder in 'n oorhang grot, of met 'n mooi kloof op. (*Hierdie roetes, uit persoonlike ervaring, was goed uitgelê, voldoen aan ALLE vereistes en gee stapplesier; voorwaar besonderse roetes. 5 ster! Red.*)

Die afgelope 3 maande was vir my so 'n groot teleurstelling, om te sien hoe verwaarloos en vervalde van die eens pragtige roetes is, en hoe die natuurlike omgewing afgeskeep en kommerloos benadeel (verwoes/verkrag?) is. Na 2 tot 3 jaar benutting van die roetes (of is dit gemelk?) wil dit voorkom asof daar niks, of bitter min, terug gesit word, om dit in stand te hou. Dit is nou 3, 5 of 6 jaar na die bou van die roetes en nou neem stappers getalle af, klagte briewe neem toe, want verval is oral.

Ek was nog altyd bereid om te help met voorstelle vir verbetering/instandhouding. Ek doen my bes om deur middel van die oudit prosas van GFA hierdie verval en verswakking om te draai. Vergun my die volgende voorbeeld. Sien 'n roete as 'n groen boom vol vrugte. Die eienaar (en stapper) pluk aanhoudend die vrugte en geniet dit. Maar as daar niks word gedoen om dit lewendig te hou nie of te voed nie, sal die boom gevolglik stadig dood gaan, ***dit dra nie meer vrugte nie***, kan nie meer koolsuurgas verwerk nie, sy wortels lê ontbloot. 'n Vrugte boom moet gereeld gesnoei en gevoed word, water en kunsmis toegedien word. Wil ons dooie bome (roetes) hê? Ek was verslae en verstom hoe party van die roetes lyk. Staande, maar met geen betekenis of vrugte vir nou, more, volgende jaar?



VOSA lede – roete eienaars en stappers – het nou die geleentheid om hierdie prosas om te draai. Ondersteun die GFA stelsel en die oudit van die roetes, en voltooi die aangehegte verslagvorm wanneer u weer op 'n staproete gaan. Gee asb 'n afskrif aan die roete eienaar en stuur die ander een aan VOSA. ***Stappers, dring nou aan op waarde vir geld – dit is julle reg!*** Probleme waarop gelet kan word, is klippe op die paadjie oppervlak wat stap bemoeilik, water wat paadjie onloopbaar maak, paadjies wat slote word en die natuur uiteindelik benadeel, oorgroeide en toegegroeide paadjies, verbleikte of ontbrekende merkers, waarskuwingstekens by gevaarlike plekke, ens ens. (*Is dit passie, teleurstelling, bekommernis? Help ons by VOSA om julle te help. Red.*)”



***Dit is lente! En daar is altyd 'n brandgevaar in die veld! Wees bedag daarop en rapporteer by die eienaar indien u veldvuur gewaar, en probeer om nie self vuur te stig nie.***  
***As you know spring is here! But there is still a possibility of veldfires! Do report to the owner if you see some unattended veldfires, and try not to start one.***

**TBCSA**

Gaan kyk gerus na/Have a look at [www.ihikesa.co.za](http://www.ihikesa.co.za)

A meeting was held on 18<sup>th</sup> July 2013 where important issues were discussed, that involves HOSA in tourism as well. As we are now a member of this prestigious organisation, we can look forward to much more action and support from them.

### Sanparks uitnodiging

Take a train trip with Metrorail, **SanParks** and HGTS Tours to Cape Point in Table Mountain National Park with an unbelievable special. If you have a child at school, why not share this with them, affordable, exclusive and a not to be missed deal.

**Price:** R120 per Adult (12 years and older)

R 60 per child, student and seniors( students and seniors need to show proof )

**Dates:** ONE WEEK ONLY

09-14 September 2013

**Terms and Conditions:** Booking essential and subject to availability, only 150 seats per day

**Optional: Senior Special – Tuesday, 10 September 2013 Price: R30**

Please call **HGTS TOURS** to make your booking

**Head Office:** 021-703 0141/2 / **Simon's Town Office:** Tel: 021-786 5243 / Email:

[enrico@hgtstours.co.za](mailto:enrico@hgtstours.co.za)

### SKATSTAP / TREASURE HIKE

It's out there!  
Dis daar buite!

Die SKATSTAP se aanvangsdatum is verskuif na 1 Januarie 2014 tot 30 Junie 2014.

Twintig roetes is geïdentifiseer vir hierdie doel en sodra bevestiging van die roete eienaars verkry is, sal ek die name van die roetes bekend maak. Die kompetisie word op verskeie roetes gehou. Groot pryse is op die spel! Verskeie roetes is in die tussentyd ge-oudit met die oog op die kompetisie.

*The date for the TREASURE HIKE has been changed to 1 January 2014 to 30 June 2014.*

*Twenty trails were identified for the competition and as soon as we have confirmation from the owners, will we inform you which trails are involved. The competition will be held on various hiking trails. Big prizes to be won! Various trails have been audited in the mean time with the competition in mind.*

If you've got little ones in your life, be sure to get them outside and help them explore the world they live in. Short hikes that lead to picnics on sunny hilltops will certainly make great summer memories as well as instil a love for the outdoors.

**ONTHOU:** Vir stap/voetslaan moet jy fiks wees, regte skoene dra, altyd water saam dra - drink slegs slukkie op 'n slag, 'n hoed, stapstok, warmkleedingstuk is ook noodsaaklik. Hou altyd 'n flitsie in jou rugsak/dagsak wanneer jy namiddag stap. Moenie te swaar dra nie, en die **BELANGRIKSTE** van alles: dra uit wat jy indra.

Welkom aan ons nuwe lede! Welcome to new members!

Pieta Wessels van Mount Komati en Poy Blignaut.



Vassie

Die Skatstap gaan een van die dae begin

Ja en jy kry wat hulle beloop en dit neem die natuur in ag.

Ja, maar daar is nog roetes wat ge-oudit moet word. GFA roetes is veilig en onder goeie bestuur.



Hossie

**Wat wil u graag in die nuusbrieff lees? What would you like to read in our newsletter?**

My e-pos adres is [jackdo1@vodamail.co.za](mailto:jackdo1@vodamail.co.za) indien u enige nuusberig wil stuur,

*Please send me your hiking story! Jackie*

*Heerlik gestap vandag? Kom ons braai:*

*Meng 2 t worcestersous, ½ k sjerrie, 1 E asyn, 2 t mosterdsous en sout en peper na smaak in 'n bak.  
Hou ook ¼ k olie byderhand.  
Maak snitte in hoender boudjies, sit in vlak bak en gooi sous bo-oor. Laat staan vir ten minste 1 uur.  
Onthou om kortkort te draai.  
Braai oor matige warm kole vir 15 minute alkant terwyl jy dit om die beurt met die sous mengsel en olie smeer.*

"Keep close to Nature's heart, yourself; and break clear away, once in a while,  
And climb a mountain or spend a week in the woods. Wash your spirit clean."  
~ John Muir

**SIEN ASB DIE AANGEHEGTE VORM EN MAAK VIR U AFSCRIFTE**

**PLEASE HAVE A LOOK AT THE ATTACHED FORM AND MAKE COPIES FOR USE  
IN FUTURE.**

**HOSA INVITATION TO OUR HIKERS ...**

(Help us to provide a *value for money* hiking experience.)

The.....Trail is an accredited trail. Please help us (and fellow hikers) to maintain the quality of the hiking trail by completing this form at the end of the hike.

Comments and details can be written on the back of the route map or if you wish to retain the map (or if a map is not available) draw a sketch map of the trail on the reverse side of this form OR just give a written description of the following issues:

1. Any places where the trails are not clearly marked or the guide did not conform to an acceptable level?
2. Sections where the trail was overgrown or not easily followed or places which you felt it were dangerous or badly degraded..
3. Were the road signs and directions the start of the trail clear?
4. Did the accommodation and other facilities conform to the trail brochure and your expectations? Please give details.
5. Was the owner's maintenace schedule put up in a hut along the trail?

**COMMENTS:( Remember both Positive and Negative views are welcome)**

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Any other comments or suggestions?

.....

.....

.....

.....

.....

We sincerely hope that you enjoyed the hike.



Name: (optional – but of value if we need more information; your name will not be disclosed to the trail owner unless so requested by you)

Date of hike: .....

Tel no. .... Club (if applicable).....

E-mail .....

Send to: HOSA, Private Bag X2, Suite 88, Welgemoed 7538 or fax 0865141281; or scan and send to leonhugo@vodamail.co.za



For the choice of your next hike, look at the website [www.trailinfo.co.za](http://www.trailinfo.co.za) for accredited trails. Remember an accredited trail is not necessarily a good trail (due to subjective opinions), but it ensures a safe hike and the brochure will tell you exactly what to expect in terms of type of environment, difficulty rating, accommodation and trail facilities. Did this trail do justice to the Green Flag concept? **Yes / No**